

1 Desember 2018

Beste kollega

Wanneer jy weer die geleentheid kry om 'n dokument te dateer met die eerste van die maand, sal dit jou tref dat jy nie meer 2018 sal kan skryf nie. Die jaar is verby – die nuwe is op pad! Vir baie 'n uitdagende jaar: vir sommige persoonlik baie moeilik; dalk in die gemeente 'n aantal uitdagings. Selfs die breë Kerk het hierdie jaar baie aanslae beleef. As ons terugkyk oor 2018 was daar besondere tye: vreugde en geluk; mooi verhale wat oral in ons sinodale gebied oorvertel is.

En nou breek die Kersgety aan. Saam met die jaar wat nou ten einde snel, ons eie tamheid en moegheid hierdie tyd van jaar, maak dit binne enkele weke plek vir feesvier. Dit is Kersfees – die lied wat ons met oorgawe kan saamsing (Liedboek 358):

1. Welkom, o stille nag van vrede, onder die suiderkruis,
wyl stemme uit die ou verlede oor sterrevelde ruis.
Kersfees kom, Kersfees kom - gee aan God die eer.
Skenk ons 'n helder Somerkersfees in hierdie land, o Heer.

3. Voel jy ook nou sy warm liefde as ons die dag gedenk,
toe Hy sy Seun aan ons gestuur het - ons grootste Kersgeskenk.
Christus kom, Christus kom - gee aan God die eer.
Skenk ons 'n helder Somerkersfees in hierdie land, o Heer.



Eeu gelede voorspel die profeet Jesaja dat daar vir ons 'n Kind gebore gaan word wat genoem sal word: Wonderbare Raadsman, Magtige God en Vredevors (Jesaja. 9:5). Met Kersgety het die Vredevors ook vir ons vrede gebring. In die Bergrede gee Jesus Sy seën op elke vredemaker en noem Hy hulle sy kinders (Matteus. 5:9).

Mag jy in hierdie Kersgety werklik 'n goddelike vrede ervaar. My gebed vir jou en jou gesin is dat Kersfees 2018 vol vreugde, vrede en geluk sal wees

Graag wil ek elke kollega wat in 2018 op een of ander wyse my pad gekruis het, van harte bedank vir die Kersboom wat julle elke keer vir my was. Dankie vir elke geskenk wat ek in 2018 ontvang het: liefde, omgee, hulp, bystand, 'n saam lag en ook die tye van saam huil. Elke geskenk was onverdiend, en dalk weet jy nie eers wat het dit vir my beteken nie.

Geseënde Kersfees 2018!

Dewyk Ungerer